# GÉNESIS 6: 1-17 tot GÉNESIS 7-16

**TEMA:** **Die verbond: Noag en die ark.**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**Bestudeer asseblief die Skrif verwysings om sodoende die Oordenking te begryp.**

**Die Oordenking rondom Noag en die Ark word in 3 Afdelings behandel, naamlik:**


1. **Die Lewe voor die Sondvloed (Bladsy 1)**
2. **Oordeel oor die Aarde (Bladsy 7)**
3. **Die Lewe na die Sondvloed (Bladsy 12)**


-o0o-

## DIE LEWE VOOR DIE SONDVLOED

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Génesis 6:1-16**

**Gen. 6:1 Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is,**
**Gen. 6:2 sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het.**
**Gen. 6:3 Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar.**
**Gen. 6:4 In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.**
**Gen. 6:5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,**
**Gen. 6:6 het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.**
**Gen. 6:7 En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.**
**Gen. 6:8 Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE.**
**Gen. 6:9 Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was ‘n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel.**
**Gen. 6:10 En Noag het drie seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.**
**Gen. 6:11 Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld.**
**Gen. 6:12 Toe sien God die aarde aan, en—dit was verdorwe,**
**want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.**
**Gen. 6:13 En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.**
**Gen. 6:14 Maak vir jou ‘n ark van goferhout. Met afdelings moet jy die ark maak en dit binne en buite met pik bestryk.**
**Gen. 6:15 Só moet jy dit maak: drie honderd el die lengte van die ark, vyftig el sy breedte en dertig el sy hoogte.**

-o0o-

**Gen. 6:16 'n Opening moet jy aan die ark maak; en op die maat van 'n el moet jy dit aan die bokant afwerk en die deur van die ark aan die sykant insit. Jy moet dit met 'n onderste, tweede en derde verdieping maak.**
**Gen. 6:17 Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe.**

-o0o-

Ek wil graag met julle deel - die verbond wat God met Noag aangegaan het toe Hy hom beveel het om die ark te bou. Ons gaan na die geestelike betekenis daarvan kyk. Ek glo daar kan nog meer hieromtrent gesê word, maar ek deel met julle dit wat die Here aan my openbaar het**.**

***Gen. 6:1 Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is,***
***Gen. 6:2 sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as Vroue geneem almal wat hulle verkies het.***

## 1. WIE IS DIE SEUNS VAN GOD?

**Dit is die gevalle engele wat saam met Lucifer uit die hemel gegooi is.**

- Hoekom het hulle opdrag gekry om by die dogters van die mense in te gaan?

Om dit te verstaan moet ons teruggaan na Genesis 3, waar God die vloeke uitspreek.

*Gen. 3:14 Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.*
*Gen. 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Hierdie Skrif is 'n heenwysing na Maria.
God het gesê: *in die toekoms sal My saad, wat My ware DNA, My rein en skoon bloed, My heiligheid wat Ek in die mensdom ingebou het bevat, 'n Persoonlikheid voortbring wat jou (die slang) se kop sal vermorsel.*

Een van die tekens van Satan se werke is dat hy altyd 'n nabootsing (counterfeit) maak;

- Hy werk net met nabootsings
- Want hy kan nie self skep nie.
- Hy hoor wat God sê en dan beplan hy om sy saad eerste te saai.
- Sy planne is nie altyd die beste planne nie, maar sy planne het ook saad.
- Satan se saad lewer altyd negatiewe vrug op.
    - ❖ Hy besluit toe dat hy daardie bloedlyne op die aarde in besit moet neem en mag daaroor verkry.
        - Dit kry hy reg deur sy gevalle engele te stuur om die bloedlyne op die aarde te besmet sodat daar geen rein, skoon en heilige bloedlyne meer op die aarde is nie.
        - Die gevolg hiervan sien ons in Génesis 6 vers 3:

## 2. OUDERDOM VERKORT

*Gen. 6:3 Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar.*

Tot op daardie stadium het mense nog 800-900 jaar oud geword. God het egter die lewensduur van die mens verkort, want sou al die mense só oud word, sal die sonde baie vinnig toeneem en oorheersend oor die aarde wees. 120 jaar beperk egter die mens asook die gevolge van die sonde.

-o0o-

- **REUSE BRING BOOSHEID**

*Gen. 6:4  In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.*

Dié reuse is die **vrug** van die gemeenskap tussen die gevalle engele en die dogters van die mense. Hulle het hulself in gewone mense verander om gemeenskap met die dogters van die mense gehou. Die resultaat daarvan is 'n spesie (in die vorm van reuse) wat nie deur God geskape is nie; 'n mens kan dit byna 'n mismaaksel noem.

*Gen. 6:5  Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,*

*Gen. 6:6  het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.*

Dit is logies om te aanvaar, dat hierdie wesens wat deur hierdie gevalle engele verwek is, definitief nie in 'n verhouding met die Here kan staan nie, want hulle is nie meer na die beeld van God gemaak nie. Dit maak nie saak hoe hulle ookal gelyk het nie. Die feit bly staan, hulle is nie na die beeld van God gemaak nie, aangesien hulle is nie uit God geskape nie, maar deur satan en sy engele voortgebring.

*Gen. 6:7  En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het*.

Dit bewys baie duidelik dat die hele planeet, selfs die diereryk en alles rondom ons beïnvloed word deur die besluit en die sonde van die mens. Die tekens is sigbaar: aardverwarming, lugbesoedeling, verwoesting van woude, verwoesting van die Amasone. Alles ly as gevolg van die sonde en gulsigheid van die mens. Die mens wil homself verryk en net meer te hê.

## 3. NOAG WANDEL MET GOD

*Gen. 6:8  Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE.*

- **GENADE**

Dit is waarvan die Bybel praat in Efésiërs 2: 8-9.

*Efe 2:8  Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;*

*Efe 2:9  nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.*

Dit gaan alles oor genade, want die verbond met Noag simboliseer die genade van God. Die genade van God is vir die wat uit die sondige wêreld gered is. Dit gaan nie oor werke nie sodat niemand mag roem nie.

*Gen. 6:9  Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel.*

*Gen. 6:10  En Noag het drie seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.*

*Gen. 6:11  Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld.*

Ek het al na leringe (teachings) geluister waar mense sê dat Noag nie regverdig was nie, en dat hy een van hierdie goddelose mense was. Dis egter onwaar. Die Bybel sê vir ons baie duidelik in vers 9**:** *Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel.*

- Noag het 'n verhouding met die Allerhoogste God gehad.
- Noag is 'n tipe van die **oorblyfsel** (remnant).
  - In hierdie sondige wêreld het God altyd heilige, skoon saad beskikbaar, wat van Hom af kom, wat nie deur enigiets of enigiemand besmet of aangeraak is nie.
  - Niemand kan 'n vinger daarop lê of daaroor roem nie.

-o0o-

- Dit is ‘n vrug wat voortkom uit die Vader se saad Homself.
- Dit is die botsel aan die staf van Äăron (Númeri 17:5 - 8).

*Num 17:5 En die staf van die man wat Ek uitkies, sal bloei; en Ek sal die murmureringe van die kinders van Israel wat hulle teen julle murmureer, stilmaak teenoor My.*
*Num 17:6 Daarop het Moses met die kinders van Israel gespreek; en al hulle owerstes het hom ‘n staf gegee, vir elke owerste een volgens hulle stamme, twaalf stawwe. Äăron se staf was ook onder hulle stawwe.*
*Num 17:8 En toe Moses die volgende dag in die tent van die Getuienis ingaan, kyk, daar het die staf van Äăron, vir die huis van Levi, gebloei: dit het bloeisels laat uitspruit en blomme laat oopgaan en amandels laat ryp word!*

- **LEWE ONVERANDERD**

Hier is baie belangrike punte waarna ons moet kyk: Matthéüs 24 verwys na die dae van Noag.

*Mat 24:37 En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*

*Mat 24:38 Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,*
*Mat 24:39 en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*

Wanneer ons kyk na die lewe vandag, lyk dit presies ook so!
Die aarde is vol geweld. Daar is soveel haat en tweedrag en mense kom nie met mekaar oor die weg nie. Dit is skrikwekkend om te sien hoe mense mekaar haat; families haat mekaar; broer en suster haat mekaar; gelowiges “haat” mekaar; lande, volke, nasies haat mekaar. Ons hoef nie eens ver te gaan soek nie. Oral is geweld. Dit is seldsaam om ‘n nuusbulletin te sien wat opbouend is**.**

*Gen. 6:12 Toe sien God die aarde aan, en—dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.*

En dit is presies nog net so: want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.

Oor die algemeen is die mens lankal nie meer in die raadsplan van God nie. Psalms139 verwys daarna:

*Ps 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.*

- **LEWENSVERHAAL**

**God die Skepper het ‘n boek oor elkeen se lewe geskryf voor die grondlegging van die wêreld**. Elke dag hoe die mens moet lewe, was bepaal. Die vlees het in sy eie wil op die aarde gewandel en dit self verderwe. In plaas daarvan om God se wil te doen het die mens sy eie wil gevolg.

*Genesis 6:13 En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.*

## 4. WAAROM MOES GOD HIERDIE BESLUIT NEEM?

- Die hele aarde was bedek met die raadsplan van satan.
- Alles wat op daardie stadium op die aarde gelewe het, was met satan se saad besmet.
- God se plan kon nie in werking kom nie want hierdie wesens (reuse) het die hele aarde gevul met geweld. Die Bybel noem dit nie so nie maar dit moes vreeslik gewees het; geweld en bloedvergieting was aan die orde van die dag. Dit moes ‘n verskriklike tyd gewees het waarin Noag geleef het. Dit moes regtig vir hom ‘n stryd gewees het om in sy geloof met God te kon wandel soos die Bybel sê.

-o0o-

Ons sien aan die einde van vers 13 die besluit wat God neem: *En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.*

- Daar het God besluit om alles terug te bring na Sy oorspronklike raadsplan, en sodoende beheer te neem oor alles. Kom ons stel dit so: om van vooraf te begin, en alle saad van satan te vernietig.
- Toe gee God Sy opdrag vir Noag.

*Gen. 6:14 Maak vir jou 'n ark van goferhout. Met afdelings moet jy die ark maak en dit binne en buite met pik bestryk.*

*Genesis 6:15 Só moet jy dit maak: drie honderd el die lengte van die ark, vyftig el sy breedte en dertig el sy hoogte.*

God gee vir Noag die mates vir die ark, waarin ek nie in besonderhede sal ingaan nie. Daar is egter 'n paar dinge wat ek wil uitlig. Ek is nie 'n kundige op hierdie gebied nie.

- Navorsers beweer dat daar nie vandag 'n tipe houtsoort bekend as goferhout bestaan nie.
- Die ander bewering is dat dit akasia hout, seder hout en ander hout soorte was wat saam gevoeg was.
- Indien dit die geval is, is die ark gebou met dieselfde soorte hout waarmee die tempel gebou is. As ons kyk na die opdrag wat God vir Salomo gegee het om die 1ste tempel te bou, sal ons al hierdie houtsoorte ook in die tempel sien.

*1 Konings 5:5 En kyk, ek is van plan om vir die Naam van die HERE my God 'n huis te bou soos die HERE met my vader Dawid gespreek en gesê het: Jou seun wat Ek in jou plek op jou troon sal sit, hy sal die huis vir my Naam bou.*

*1 Konings 5:6 Gee dan nou bevel dat hulle vir my seders uit die Líbanon kap, en laat my dienaars saam met u dienaars wees, en die loon van u dienaars sal ek u gee net soos u sê; want u weet self dat onder ons niemand is wat verstaan om bome te kap soos die Sidoniërs nie.*

*1 Konings 5:8 Daarop laat Hiram aan Salomo weet: Ek het gehoor wat u my laat weet het; ék sal doen alles wat u verlang insake die sederhout en die sipreshout.*

**Wonderlike eienskappe van sederhout:**

- Sederhout verloor nie sy kleur nie; die glans bly dieselfde, en dit verbleik nie.
- Sederhout buig nie krom nie. Sederhout planke kan in die son, wind, reën lê; dit behou sy vorm.
- Sederhout verloor nie sy geur nie.

Die Bybel vergelyk die kinders van God met die seders van die Libanon.
*Psalms 92:13 Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Líbanon.*

- As dit 'n vergelyking is na die Christenskap wat beteken dat ons nie "krom" moet raak nie, ons altyd 'n reguit pad moet loop.
- Ons moet altyd 'n aangename geur wees tot verheerliking van God die Vader.
- Ons moet nie die verkleur nie, dit wat Christus in ons ingebou het; die eienskappe, die smaak, geur en lig wat ons aan die wêreld gee, verloor nie.

**Uitsonderlike mates van die ark**

Ek gaan nie die mates bespreek nie, maar as 'n mens dit herlei na vandag s'n, sal jy sien dat hierdie ark nie 'n baie groot voorwerp was nie. Dit laat mens wonder hoe alles wat daarin moes gaan, daarin gepas het.

*Gen. 6:15 Só moet jy dit maak: drie honderd el die lengte van die ark, vyftig el sy breedte en dertig el sy hoogte.*

*Gen. 6:16 'n Opening moet jy aan die ark maak; en op die maat van 'n el moet jy dit aan die bokant afwerk en die deur van die ark aan die sykant insit. Jy moet dit met 'n onderste, tweede en derde verdieping maak.*

**Belangrik:** ***en die deur van die ark aan die sykant insit.***

-o0o-

## 5. BETEKENIS VAN DIE ARK

- Die ark is 'n simbool van die nuwe, ewige verbond wat deur Christus Jesus met Sy liggaam aangegaan is.
- Die ark van God is die draer van die Rhema Woord; dit is die liggaam van Christus. Sy liggaam dra Sy getuienis, Sy eienskappe, die volle evangelie, Sy wese (Sy liefde en Sy omgee) na buite. Die liggaam van Christus wat hul eie lewe neergelê het.

Die ark het 2 openings: bo in sy deksel en dan 'n deur aan die sykant.

### 5.1 Wat simboliseer die deur aan die sykant?

Christus Jesus is die deur in hierdie verbond.

*Johannes 10:9 Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.*

*Johannes 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*

- Jesus is die deur waardeur ons in die ark, in die verbond ingaan.
  - Ons kan alleenlik deur ware wedergeboorte die ewige lewe ontvang en in 'n verhouding met Jesus ingaan.
  - Ons moet onsself verloën, dit wat vir ons belangrik is neerlê, elke dag ons kruis opneem en Hom volg.
  - Dit is 'n transformasie proses waardeur ons moet terugkeer na die oorspronklike persoonlikheid wat God vir ons beplan het.

- Verder simboliseer dit die wond wat Jesus aan Sy sy opgedoen het, waardeur die bruid sal ingaan.
  - Daar het bloed en water uitgekom toe die soldaat Hom met die spies in Sy sy gesteek het sodat dit die bruid kon vorm.

*Johannes 19:34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom.*

### 5.2 Die drie verdiepings:

*Gen. 6:16 Jy moet dit met 'n onderste, tweede en derde verdieping maak.*

Hierdie verdiepings is 'n heenwysing na die 3 getuies in die hemel waarvan Johannes skryf.

*1 Johannes 5:7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een.*

Hierdie ark/verbond is gegrondves op 3 vlakke/getuienisse wat vanuit die hemel aarde toe kom. Die getuies in die hemel naamlik die Vader, die Woord en die Heilige Gees, word die ark van die verbond, hier op aarde.

Daar is ook 3 wat getuig op die aarde:

*1 Johannes 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.*

- ❖ Dit is die bruid van Christus.
  - ➢ Die wond aan Christus se sy het nog nie geheel nie omdat dit die deur is waardeur die bruid moet ingaan, tot binne in Sy hart, vanwaar ons oorspronklik kom.

*Genesis 6:17 Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe.*

**Ter opsomming:**

- God sê vir Noag: Jy moet vir My die ark bou.
- Ek sal 'n deur maak waardeur julle moet ingaan.
- Ek sal die deur toemaak en dan 'n watervloed op die aarde bring wat alles (Satan se koninkryk wat hy op die aarde kom vestig het) sal verdelg.
- Ek sal egter vir My 'n oorblyfsel uithou.

-o0o-



Wikipedia:
'n **EL** is 'n ou lengtemaat, ongeveer so lank as 'n gemiddelde persoon se hand en voorarm. 'n EL strek vanaf die elmboog tot die punt van die middelvinger. Dit was 'n eenvoudige manier om lengtes vinnig te kon opmeet. Die presiese lengte van 'n el het egter van een land na 'n ander, en binne 'n land selfs van een handelsentrum na 'n volgende verskil.

Die gemiddelde lengte van 'n El is afgerond **69cm**.

**NOAG SE ARK: 137.16 x 22.86 x 13.716 meter**

# OORDEEL OOR DIE AARDE

**Gen. 6:17 Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe.**
**Gen. 6:18 Maar met jou sal Ek my verbond oprig; jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou.**
**Gen. 6:19 En van al wat lewe, van alle vlees, moet jy twee van elke soort in die ark laat ingaan om dit saam met jou in die lewe te hou: mannetjie en wyfie moet hulle wees.**
**Gen. 6:20 Van die voëls volgens hulle soorte en van die vee volgens hulle soorte, van al die kruipende diere van die aarde volgens hulle soorte, twee van elke soort, moet na jou kom om in die lewe te bly.**
**Gen. 6:21 En jy, neem vir jou van al die voedsel wat geëet word, en versamel dit by jou, dat dit vir jou en hulle as voedsel kan dien.**
**Gen. 6:22 En Noag het dit gedoen. Net soos God hom beveel het, so het hy gedoen.**

## 6. BELOFTE EN OPDRAG

Nadat God in vers 17 vir Noag gesê het wat Hy gaan doen, sê Hy in vers 18:

*Génesis 6:18 Maar met jou sal Ek my verbond oprig; jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou.*

## 7. BETEKENIS EN VERVULLING VAN 8 (AGT)

- Noag en sy hele huisgesin was 8 mense in totaal.
- **In die Ou Testamentiese tyd is daar 8 groot (major) verbonde**. Daar is ook kleiner verbonde wat God met indiwidue gemaak het, maar met die volk Israel is daar 8 groot verbonde gemaak.
  - Dit is die verbonde met Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob, Melgisédek, Moses en Dawid.

**7 (sewe) Simboliseer volmaaktheid/volledigheid/vervulling, maar 8 dui op 'n nuwe begin.**

- Hierdie verbonde is heenwysings na die nuwe verbond in Christus.
- Wanneer elkeen van hierdie verbonde in detail bestudeer word, sal 'n mens ontdek dat nie een van hulle volkome is nie.
- Elkeen dek 'n sekere aspek, maar wanneer al 8 gekombineer word, vorm dit die nuwe verbond wat Christus Jesus gemaak het; wat Christus Jesus self is.
- Hy is die volkome, finale nuwe verbond, en daarom is Sy numeriese Naam 888.

-o0o-

1ste 8: Hy is vir ons die verbond met die Vader,

2de 8: Hy is vir ons die verbond met die Woord,

3de 8: Hy is vir ons die verbond met die Heilige Gees.

Dit is waarom Jesus sê:

*Matthéüs 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.*

Jesus het die volledige Ou Testament, al die verbonde, in Homself **één** gemaak en dit sodoende vervul. Hy is die beliggaming (embodiment) van al hierdie verbonde.

- **PROFESIE WORD VERVUL**

*Lukas 4:17 En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is:*
*Lukas 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;*
*Lukas 4:19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.*
*Lukas 4:20 En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig.*
*Lukas 4:21 Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.*

Die woorde deur die profeet Jesaja het op daardie dag in Jesus (wat die Woord self is) tot vervulling gekom, sodat Hy die nuwe bloedverbond kon vervul.

Al die verbonde wat die Vader nou met ons aangaan, moet altyd met die Nagmaal verseël word, met die bloed. Dit is die bloed wat getuig van die verbond.

God het gesê dat Hy satan se hele koninkryk op die aarde gaan verdelg, maar 'n stukkie van Sy saad, in die vorm van die mens en diere behou. Hierdie saad sal Hy in die verbond/ark inneem waar Hy dit sal beskerm.

## 8. VOORSIENING IN DIE ARK

*Gen. 6:21 En jy, neem vir jou van al die voedsel wat geëet word, en versamel dit by jou, dat dit vir jou en hulle as voedsel kan dien.*
*Gen. 6:22 En Noag het dit gedoen. Net soos God hom beveel het, so het hy gedoen*

Noag en sy familie, was vir 'n geruime tyd in die ark; meer as 150 dae (ek is nie 'n kenner op hierdie gebied nie, en het ook nie hierdie dinge ontleed het nie). Daar is egter dinge wat 'n mens laat wonder:

Die ark beperkte ruimte gehad het, en dus nie so 'n groot voorraad voedsel vir 'n onbepaalde tyd kon herberg nie. Dink byvoorbeeld hoeveel kos is nodig vir 'n olifant vir 150 dae.

Apies eet vrugte. Hoe het daardie vrugte vir so 'n lang tydperk gehou?

- Hoe het die voedsel vars gebly?
- Op daardie stadium het leeus vleis geëet. Waar het die vleis vandaan gekom en hoe was dit bewaar?

Tog het God het vir Noag gesê: *En jy, neem vir jou van al die voedsel wat geëet word, en versamel dit by jou, dat dit vir jou en hulle as voedsel kan dien (Gen. 6:21).*

Die gevolgtrekking waartoe ek kom, is dat God op 'n bonatuurlike manier voorsien en vermeerder het. God het vir Noag gesê om kos in te vat omdat Hy geweet het dat Hy vir die res sou sorg.

-o0o-

**Les**:

- Die les wat ons hieruit leer is dat diegene wie in die verbond is, niks hoef te gaan soek nie. In Christus Jesus is dit reeds aan ons voorsien.
- Gierigheid maak egter dat mens wêreldse sisteme aanhang en dat ons meer wil hê as dit wat ons regtig nodig het. Dit veroorsaak dat ons van God afdwaal en die Babiloniese sisteem aanhang.
- Ons het ook 'n verantwoordelikheid; 'n aandeel aan die hele raadsplan van God om dit tot vervulling te bring.
- Daar is profesieë / 'n raadsplan in ons lewens gespreek. Ons kan nie net agteroor sit en verwag dat die Here alles moet doen nie.
- Dit is waar dat ons moet wag vir die beloftes van die Here om tot vervulling te kom, maar om niks te doen is nie Bybels nie.
- Ons moet elke dag in hierdie wêreld, wat vol boosheid en ellende is, en Christus só nodig het, lewe as getuies van Christus Jesus.

*Génesis 7:24 En die waters het die oorhand behou oor die aarde honderd en vyftig dae lank.*

*Génesis 8:1 En God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het 'n wind oor die aarde laat waai, sodat die waters gesak het.*

## 9. BETEKENIS VAN 600

*Génesis 7:1 Daarna het die HERE aan Noag gesê: Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag.*
*Génesis 7:2 Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie; maar van die diere wat nie rein is nie, twee, die mannetjie met sy wyfie.*
*Génesis 7:3 Ook van die voëls van die hemel telkens sewe paar, die mannetjie met die wyfie, om die geslag in die lewe te hou op die hele aarde.*
*Génesis 7:4 Want oor nog sewe dae sal Ek laat reën op die aarde, veertig dae en veertig nagte, en al die lewende wesens wat Ek gemaak het, van die aarde verdelg.*
*Génesis 7:5 En Noag het gedoen net soos die HERE hom beveel het.*
*Génesis 7:6 En Noag was **ses honderd jaar** oud toe die watervloed oor die aarde gekom het.*

Hierdie is baie interessant. Hoekom 600 jaar? Dit is 'n heenwysing na die **6de dag.** God het die aarde in 6 dae geskep en op die **7de dag** het Hy gerus. Dit beteken dat ons 6 dae ons werk en ons arbeid moet doen want daar kom 'n 7de dag van rus - die Sabbatsrus.

Noag se ouderdom van 600 jaar tydens die sondvloed is simbolies aan die getal van **die mens (6).** Aan die einde van 6000 jaar (waar ons ons nou bevind), sal daar oordeel op die aarde kom en alles vernietig wat satan op hierdie aarde geplaas het. God sal die outoriteit van satan se koninkryk op die aarde vernietig en sodoende sal God se lig weer openbaar word.

Christus is 4000 jaar na Adam gebore. Dit is nou 2000 jaar ná Christus se geboorte wat ons by 6000 jaar bring. Dit wys daarop dat die oordeel (judgment) binnekort op die aarde gaan kom waartydens God alles wat satan deur die mens gemaak het, gaan platvee met die aarde.
*(Dit is vervat in die leringe rondom die val van die groot hoer waarvan ons in Openbaring 19 en 20 lees.*

- *God gaan die duiwel, sy demone en gevalle engele na die onderskeie plekke wat vir hulle bestem is, terugstuur.*
- *Daar gaan hulle wees vir 'n 1000 jaar en **<u>dít</u>** is die Sabbatsrus; die sewende dag van rus; die vredestydperk wat op die aarde sal heers).*

-o0o-

## 10. DIT SOUSREËN !!!

*Génesis 7:11 In die ses honderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen;*
*Génesis 7:12 en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank.*
*Génesis 7:13 Op daardie selfde dag het Noag en Sem en Gam en Jafet, die seuns van Noag, sowel as die vrou van Noag en die drie vroue van sy seuns saam met hulle in die ark gegaan.*
*Génesis 7:14 Hulle en al die wilde diere volgens hulle soorte en al die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die aarde kruip, volgens hulle soorte en al die voëls volgens hulle soorte, voëls van allerhande vere—*
*Génesis 7:15 van al die vlees waar 'n lewensgees in was, het twee-twee na Noag in die ark gegaan.*
*Génesis 7:16 En die wat ingaan, het gegaan as mannetjie en wyfie van alle vlees soos God hom beveel het. En die HERE het agter hom toegesluit.*

Dit was nie egter net reën nie; let op wat die Woord sê: *is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen.*

- Dit was oordeel (judgment) van bo en onder.
- Die aarde het sy oordeel voortgebring maar
- die oordeel het ook uit die hemel gekom.

Dit is 'n heenwysing na dit wat op die aarde beleef sal word, alles gaan geskud word; aardbewings ensovoorts.

### Stel julle hierdie prentjie voor:

- Die ark staan gereed, gebou soos God beveel het, en Noag waarsku die mense dat dit gaan reën.
- Hulle glo hom nie, omdat hulle nie weet wat reën is nie.
- Dit het nog nooit op die aarde gereën nie. Die aarde het homself bevogtig. *Génesis 2:6 Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig.*
- Daar was ook nie seisoene soos ons dit ken nie, dit was een lang seisoen soos dit van die begin van die skepping af was, een klimaat regoor die hele aarde.
- Almal wat moes ingaan is binne. God self het die deur gesluit.
- Die fonteine en watervloede breek oop; die aarde breek oop; die sluise van die hemel open, en dit begin reën onophoudelik.
- Namate die watervlakke gestyg het, het die ark stadigaan begin lig en op die water gedryf.

Netso weet mense vandag nie wat is die oordeel (judgment) waarvan ons praat nie. Hulle glo dit nie, dink selfs dit is grappies. Ons verwys weer na Jesus se woorde:

*Matthéüs 24:37 En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*
*Matthéüs 24:38 Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,*
*Matthéüs 24:39 en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*

Dit sal 'n Goddelike oordeel wees wat vanuit die aarde sowel as vanaf die hemel gaan kom. Die hele Babiloniese sisteem, die groot hoer gaan platval. God sal die hele aarde binne 1 uur platvee.

-o0o-

# 11. BESKERMING

## ▪ Ragab die Hoer

Ragab die hoer het in die mure van Jerigo gebly.

*Josua 2:1 Daarop het Josua, die seun van Nun, uit Sittim in die geheim twee manne as verkenners uitgestuur en gesê: Gaan bekyk die land en Jérigo. Hulle het toe gegaan en in die huis van 'n hoer, met die naam van Ragab, ingekom; en hulle het daar gaan slaap.*

Ons weet nie hoe sy lyk nie, sy was net aan die 2 verspieders bekend. Hulle het vir haar met 'n eed gesweer dat die oordeel nie op haar gaan kom nie. Daar was egter 'n voorwaarde: sy moes 'n rooi lint aan die venster vasbind sodat haar huis nie getref sou word nie.

*Josua 2:17 Toe sê die manne vir haar: Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het—*
*Josua 2:18 kyk, as ons die land inkom, moet jy hierdie gedraaide rooi lyn waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind, en jy moet jou vader en jou moeder en jou broers en jou hele familie by jou in die huis versamel.*
*Josua 2:19 Elkeen wat dan uit die deure van jou huis buitentoe gaan, dié se bloed sal op sy hoof wees, en ons onskuldig; maar elkeen wat by jou in die huis sal wees, dié se bloed sal op ons hoof wees, ingeval 'n hand teen hom is.*
*Josua 2:20 Maar as jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons ontslae wees van die eed aan jou wat jy ons laat sweer het.*

## ▪ DIE ARK

Dit reën onophoudelik op die aarde.

**Vraag En Antwoord**

- Het die oordeel (judgment) op die ark gekom? Die antwoord is **NEE !**
- Hoe erger die oordeel op die aarde gekom het, hoe hoër het die ark begin lig.
- Die ark het op die oordeel (judgment) gedryf.
- Die ark het bly staan, getriomfeer.
- Die ark het redding en beskerming gebring vir hulle wat in die Verbond (covenant) was. Halleluja!!

### ▪ VIND BETYDS DIE REGTE BESKERMING!

- Dit is waarom die verspieders vir Ragab gesê het as haar huisgesin nie saam met haar in die huis gaan wees nie, sal hulle ontslae wees van hul eed.
- Die ark, wat die simbool van die nuwe verbond is, triomfeer en hulle wie **binne in** die ark/verbond is, is die oorblyfsel van die ware evangelie wat in Christus Jesus op hierdie aarde gestig is. Dit is belangrik dat ons besef en seker maak ons is in die verbond/covenant die dag wanneer die oordeel gaan kom.
- Almal wat in hierdie nuwe verbond is, is die nuwe getuies en hulle sal nie deur die komende oordeel geaffekteer word nie. Hierdie oordeel kom teen die Babiloniese sisteem. Christus sê dat **in** Hom is die beskutting. **In** Hom is daar nuwe lewe en hoop. Hy is die hoop van hierdie wêreld

- Dit is belangrik dat ons tot die regte huis behoort tydens hierdie oordeel wat gaan kom.

-o0o-

# LEWE NA DIE SONDVLOED

## 12. Die Aarde Herstel

**Génesis 7:24 En die waters het die oorhand behou oor die aarde honderd en vyftig dae lank.**
**Génesis 8:1 En God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het 'n wind oor die aarde laat waai, sodat die waters gesak het.**
**Génesis 8:2 Ook die fonteine van die watervloed en die sluise van die hemel het toegegaan, en die stortreën uit die hemel het opgehou.**
**Génesis 8:3 Toe het die waters geleidelik van die aarde teruggegaan, en die waters het afgeneem aan die end van honderd en vyftig dae.**
**Génesis 8:4 En die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die gebergte van Ararat gerus.**
**Génesis 8:5 En die waters het geleidelik afgeneem tot die tiende maand. In die tiende maand, op die eerste van die maand, het die toppe van die berge sigbaar geword.**
**Génesis 8**
**:6 Toe het Noag aan die end van veertig dae die venster oopgemaak van die ark wat hy gebou het,**

## 13. Betekenis van die Deksel

Wat beteken die oopmaak van die venster?

Ons het gesê daar is **2 deure**.

- Die een aan die sykant wat Christus Jesus simboliseer maar wat ook die wond aan Sy sy simboliseer.
- Die 2de een is die deksel bo op die dak.

Wat is die deksel bo op die dak? Dit simboliseer die **sielsdimensie** (die wil, emosies en verstand) van die verbond. God gaan nie meer met ons deel deur sielskennis nie maar deur **openbaringskennis.**

Die letter maak dood maar die Gees maak lewend. *2 Korinthiërs 3:6 wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.*

Daarom moedig ek mense aan om te streef na 'n binnekamer verhouding met die Here, en nie staat te maak op dagstukkies, en boodskappies wat op sosiale media van een persoon na die volgende gestuur word. Dit is hartseer om te sê maar die kind van God het gewoond geraak aan 'n "teelepel evangelie". Hulle kan nie meer vir hulself bid of selfs sondebelydenis doen nie.

Daar is min mense wat regtig geestelike volwassenheid bereik, en die Bruid kan nie saad ontvang as sy nie volwasse is nie. Lees Eségiël 16. Ons moet groei na 'n plek waar ons geestelike volwassenheid bereik.

- Die deksel van die ark simboliseer **openbaringskennis**. Dit is nodig dat ons die Woord in sy volheid verstaan, ons kan nie 'n enkele vers neem en daarvan godsdiens maak nie.
- Die deksel van die ark was 3 maal oopgemaak. Die eerste keer was 'n kraai uitgestuur, die tweede keer 'n duif en die derde keer weer 'n duif. Wat beteken dit?

**Kom Ons Gaan Terug Na Ragel.**

*Génesis 29:2  En meteens sien hy 'n put in die veld en drie troppe kleinvee wat daarby lê, want uit dié put het*

-o0o-

*hulle die vee laat drink; en daar was 'n groot klip op die opening van die put.*
*Génesis 29:3 En as al die troppe daar bymekaarkom, rol hulle die klip weg van die opening van die put en laat die vee drink; daarna sit hulle die klip weer op die opening van die put op sy plek.*
*Génesis 29:6 Verder sê hy vir hulle: Gaan dit goed met hom? En hulle antwoord: Dit gaan goed; en daar kom sy dogter Ragel aan met die vee.*
*Génesis 29:7 En hy sê: Kyk, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die vee bymekaar te maak nie. Laat die vee drink, en gaan heen, laat hulle wei.*
*Génesis 29:8 Toe antwoord hulle: Ons kan nie voordat al die troppe bymekaar is nie; dan rol hulle die klip weg van die opening van die put, en ons laat die vee drink.*
*Génesis 29:9 Terwyl hy nog met hulle praat, kom Ragel met die kleinvee van haar vader aan, want sy het hulle opgepas.*
*Génesis 29:10 Toe Jakob Ragel sien, die dogter van Laban, sy moeder se broer, en die vee van Laban, sy moeder se broer, loop Jakob nader en rol die klip weg van die opening van die put, en hy laat die vee drink van Laban, sy moeder se broer.*

Ons sien toe Ragel haar pa se vee opgepas het, was die put verskeie kere oop en toe gemaak. Teen die aand (net voor die duisternis op die aarde toesak) was dit vir die laaste keer oopgemaak sodat almal kon drink, en daarna weer verseël.

Voor die duisternis op hierdie aarde gaan toesak, gaan daar 'n dag aanbreek wanneer die openbaring van die evangelie sal plaasvind. Die bruid, hulle wat die Rhema Woord dra, die ware saad van God die Vader, gaan na vore kom (wanneer die ark se deksel, die put se deksel finaal oopgemaak gaan word), en hulle sal dan die lewe voortbring. Dit sal wees ná die val van die hoer. God sal Homself openbaar. Dit is die openbaring van die opstanding.

In 'n vorige lering het ek verwys na die klip wat weggerol moes word voordat die opstanding kon plaasvind.
*Matthéüs 28:2 En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.*
Die aardbewing het die klip weggerol, die koue Babiloniese sisteem tot niet gemaak. Toe eers kon die opstanding plaasvind. Christus het opgestaan in Sy liggaam en Hy openbaar Homself vandag nog deur Sy liggaam, deur Sy bruid, hulle wie in die verbond/die ark is.

## 14. <u>Die Kraai En Die Duif</u>

*Génesis 8:7 en 'n kraai uitgestuur wat gedurig heen en weer gevlieg het totdat die waters weggedroog het van die aarde af.*
*Génesis 8:8 Daarop laat hy 'n duif van hom af wegvlieg om te sien of die waters oor die aarde verminder het.*
*Génesis 8:9 Maar die duif het geen rusplek vir die holte van sy voet gevind nie en na hom teruggekeer in die ark; want die waters was oor die hele aarde. So het hy dan sy hand uitgesteek en hom gegryp en in die ark by hom gebring.*
*Génesis 8:10 Daarna het hy weer sewe dae gewag. Toe stuur hy die duif weer uit die ark.*
*Génesis 8:11 En die duif het teen die aand na hom gekom, en daar was 'n groen olyfblad in sy bek! Toe merk Noag dat die waters oor die aarde verminder het.*

- **<u>KRAAI</u>**

<u>Die kraai vreet aas</u>. Hy is nie 'n roofvoël nie. Ons moet onthou dat satan altyd probeer om sy eerste hou in te kry. Die Bybel sê die kraai het nie teruggekom nie. Waarvan het hy geleef? Op die liggame en die aas van dooie mense en diere wat op die waters gedryf het. Dit is waaruit die Babiloniese sisteem bestaan. *Matthéüs 24:28 Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.* Sekere vertalings praat van "eagles". "Eagles" (arende) leef nie op dooie aas nie, hy roof sy eie prooi. Ons is nie kraaie nie.

-o0o-

- **<u>DUIF</u>**

*Génesis 8:9 Maar die duif het geen rusplek vir die holte van sy voet gevind nie en na hom teruggekeer in die ark; want die waters was oor die hele aarde. So het hy dan sy hand uitgesteek en hom gegryp en in die ark by hom gebring.*

Daar is tydperke in hierdie lewe wanneer daar sulke flashes (flitse) van Heilige Gees herlewings op die aarde gekom het. Soos die Azuza Street Revival in 1906 en die Jesus Movement, in die laat 1960's en vroeë 1970's. Hierdie flitse van Heilige Gees herlewings simboliseer die duif wat uitgestuur was maar nie rusplek gevind het nie.

Daarna het hy weer 7 dae gewag.

*Génesis 8:10 Daarna het hy weer sewe dae gewag. Toe stuur hy die duif weer uit die ark.*
*Génesis 8:11 En die duif het teen die aand na hom gekom, en daar was 'n groen olyfblad in sy bek! Toe merk Noag dat die waters oor die aarde verminder het.*
Let op: Die Woord sê die duif het **<u>teen die aand</u>** na hom gekom. Die Bybel verwys verskeie kere na "die aand".

Dit is aand net voor die donker aanbreek. Met ander woorde, dit is basies 'n finale uitroep van God om te sê:
*"Die son is besig om onder te gaan, die tyd is besig om uit te loop. My heerlikheid is besig om tot vervulling te kom op hierdie aarde. Indien julle nie nou gaan wakker skrik nie gaan julle aan die slaap gevang word. Dan gaan dit middernag word en dan kan niemand werk nie. Daar gaan 'n dag kom wanneer My Gees teruggaan na die hemel toe".*

Ons het gesê die boonste deksel beteken <u>openbaringskennis</u>. Noag het 7 dae gewag en weer die duif uitgestuur maar teen die aand het hy teruggekom, deur die deksel wat oopgemaak is. Dit is waarom Christus sê *"werk terwyl dit dag is want die nag kom en dan kan niemand werk nie. Julle sal nie kan werk as My Gees eers weggeraap is nie want dan is die lig weg". Johannes 9:4 Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie.*

Die duif met die **olyftak** in sy bek beteken dat diegene wat in die covenant/ark is, (die oorblyfsel, die ware saad van God die Vader wat Hy oorspronklik in hierdie aarde gesaai het, die bruid van Christus), **<u>hulle</u>** funksioneer met die krag van die Heilige Gees, met ander woorde die **<u>salwing.</u>**

**<u>Ek lig graag die volgende uit:</u>**

1. Die **<u>duif</u>** het die olyftak na Noag toe gebring, dit wil sê na die oorblyfsel toe, die ware draers van die Rhema Woord. Die krag van die Heilige Gees, die salwing, werk deur openbaringskennis. Ons moet verstaan wat is die Krag en wat is die teenwoordigheid van die Heilige Gees.
   - Dit is dieselfde Gees maar **<u>2 funksies:</u>** Die een is (i) **<u>teenwoordig</u>** en die ander een is (ii) **<u>die krag</u>**.

   Die <u>teenwoordigheid</u> van die Heilige Gees is Sy persoonlikheid en die <u>krag word vir ons gee</u> om te funksioneer. *Handelinge 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*
   - Hierdie openbaringskennis kom deur 'n persoonlike verhouding waar God die Vader, deur die krag van die Heilige Gees, Homself kan openbaar aan elkeen wie deel is van hierdie verbond. Dit is een verbond, maar die Heilige Gees gee aan een 'n lied en aan die ander 'n Psalm om die Liggaam van Christus Jesus op te bou. Dit dien tot opbouing van die Vader se koninkryk weer hier op aarde.

2. Die hoofsaak is dat die duif met die olyftak in sy bek, teruggekom het net voor dit nag geword het. Die deksel is oopgemaak, dit wil sê **<u>openbaringskennis</u>** kom deur, die Heilige Gees is vrygelaat sodat Hy kan werk soos

-o0o-

Hy wil. Daar is geen Babiloniese sisteem met voorskrifte nie, die Heilige Gees is vry om te beweeg en doen soos Hy wil. Hy weet wat die wil van die Vader is. Hy bring dit tot vervulling en funksioneer saam met diegene wie in die verbond is.

3. Dit is interessant om te sien dat Noag nog 7 dae gewag het. Daar is dus nog 'n tydperk wat wag. Ons kan nie sê hoe lank hierdie tydperk gaan wees nie. *Génesis 8:12 Daarna wag hy weer sewe dae en stuur die duif uit. Maar hy het nie weer na hom teruggekeer nie.*
   - Dit dui daarop dat daar 'n dag gaan kom wanneer die wegraping gaan plaasvind. Dan gaan die Heilige Gees weggevoer word en nie weer terugkom nie, en die Bruid gaan saam met die Heilige Gees weggevoer word.

## 15. <u>DIE NATUUR IN 'N NUWE BESTEL</u>

- **<u>Seisoene</u>**

Voor die sondvloed was daar geen seisoene gewees nie. Dit is egter interessant dat die seisoene na die sondvloed in werking gestel is. *Génesis 8:22 Van nou af sal al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie.*

- **<u>Diere ondergeskik aan die mens</u>**

- *Génesis 9:2 Die vrees en die skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel: alles wat op die aarde beweeg, en al die visse van die see. Hulle is in julle hand oorgegee.* Tot op daardie tyd was daar nie 'n skrik tussen mens en dier nie.
- Daar is diegene wat sê dat God die mens verbied het om vleis te eet. *Génesis 9:3 Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante, gee Ek dit alles aan julle.* God sê hier nou kan jul begin vleis eet. Tot en met hiertoe was alle mense vegetariërs.
  - Daar is egter 'n beperking: *Génesis 9:4 Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie.* Met ander woorde julle mag nie rou vleis eet nie, mag nie vleis eet wat bebloed is nie. Dit wil sê maak dit droog of gaar. Dit is waarom die priesters later in die wet ook vleis kon eet.

## 16. <u>Noag se seuns</u>

- **<u>Vloek op Kanaän</u>**

Noag se seuns was Sem, Gam en Jafet. Daar is diegene wat beweer dat Gam vervloek was. Dit is nie korrek nie. Gam het gesondig en dit was as gevolg van sy sondes dat sy seun Kanaän vervloek is.

*Génesis 9:22 En Gam, die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee.*
*Génesis 9:23 Toe neem Sem en Jafet die bo-kleed en hou dit op hulle skouers terwyl hulle agteruitloop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek: hulle gesig was agtertoe gedraai, sodat hulle die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie.*

*Génesis 9:24 Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het,*
*Génesis 9:25 sê hy: Vervloek is Kanaän! 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers.*

- **<u>Reuse</u>**

- Die Messias het uit Sem se bloedlyn voortgekom.

-o0o-

- Daar was agterna nog reuse. My teorie is dat dit die gevolg was van satan se DNA wat nog in die vroue van Noag se seuns was.

  *Génesis 6:4 In dié dae was die reuse op die aarde, **en ook daarna**, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.*
- Dawid (met wie God 'n verbond aangegaan het) en sy manne het uiteindelik die laaste reuse uitgedelg, onder andere Góliat. (1 Samuel 17)
- Sodoende is die saad van satan, wat hy deur die gevalle engele gesaai het, en waardeur hy die koms **van die Messias wou verhoed, totaal vernietig. Dawid is 'n heenwysing na Christus.**

-o0o-